# RUBRIEKE VIR MONDELING

**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LUISTER: TWEEDE ADDISIONELE TAAL (GRAAD 10 – 12)**

| **LU 1**<br>**Luister vir verskillende doeleindes** | **Kode 7**<br>**Uitmuntend** | **Kode 6**<br>**Verdienstelik** | **Kode 5**<br>**Beduidend** | **Kode 4**<br>**Voldoende** | **Kode 3**<br>**Matige** | **Kode 2**<br>**Basies** | **Kode 1**<br>**Ontoereikend** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Luister aandagtig na mondelinge tekste vir inligting | Interpreteer die boodskap deeglik, en met insig.<br><br>Verstaan instruksies, aanwysings en prosedures deeglik.<br><br>Identifiseer hoof- en sommige ondersteunende gedagtes akkuraat.<br><br>Maak samehangende aantekeninge, gee alle belangrike detail. | Interpreteer die boodskap baie goed.<br><br>Verstaan die meeste instruksies, aanwysings en prosedures baie goed.<br><br>Identifiseer hoof- en sommige ondersteunende gedagtes baie goed.<br><br>Maak grotendeels samehangende aantekeninge, gee alle hoofgedagtes. | Interpreteer boodskap goed.<br>.<br>Verstaan die meeste van die instruksies, aanwysings en prosedures goed.<br><br>Identifiseer hoof- en sommige ondersteunende gedagtes goed.<br><br>Maak taamlike samehangende aantekeninge en som die meeste hoofgedagtes op. | Interpreteer boodskap redelik goed.<br><br>Verstaan die meeste van die instruksies, aanwysings en prosedures, ondervind probleme as te veel inligting gegee word.<br><br>Identifiseer hoof- en sommige ondersteunende gedagtes redelik akkuraat.<br><br>Maak soms samehangende aantekeninge, maar nie al die hoofgedagtes word altyd gegee nie. | Bevredigende interpretering van boodskap.<br><br>Verstaan sommige instruksies, aanwysings en prosedures, maar kan nie te veel inligting hanteer nie.<br><br>Identifiseer hoofgedagtes, maar nie altyd ondersteunende gedagtes nie.<br><br>Sukkel om samehangende aantekeninge te maak, gee net sommige gedagtes. | Sukkel om boodskap te verstaan.<br><br>Verstaan nie altyd instruksies, aanwysings en prosedures nie, kan skaars inligting interpreteer.<br><br>Sukkel om hoofgedagtes te identifiseer.<br><br>Aantekeninge meestal nie samehangend nie. Baie kortlikse aantekeninge. | Interpreteer met moeite die boodskap.<br><br>Verstaan skaars instruksies, aanwysings en prosedures.<br><br>Hoofgedagtes word met moeite onderskei.<br><br>Nie daartoe in staat om samehangende aantekeninge te maak nie. |
| Luister aandagtig na mondelinge tekste met die doel om te evalueer. | Interpreteer manipulerende taal, partydigheid en vooroordeel akkuraat.<br><br>Deeglike interpretasie van toon en taalgebruik.<br><br>Reageer deeglik op styl, toon en register. | Interpreteer meestal manipulerende taal, partydigheid en vooroordeel.<br><br>Baie goeie interpretasie van toon en taalgebruik.<br><br>Betekenisvolle reaksie op styl, toon en register. | Interpreteer meeste leidrade vir manipulerende taal, partydigheid en vooroordeel.<br><br>Erken toon en taalgebruik goed.<br><br>Reageer goed op styl, toon en register. | Identifiseer soms manipulerende taal, partydigheid en vooroordeel redelik akkuraat.<br><br>Redelike erkenning van toon en taalgebruik.<br><br>Redelik reaksie op styl, toon en register. | Geskikte erkenning van manipulerende taal, partydigheid en vooroordeel, maar sukkel om dit akkuraat te interpreteer.<br><br>Geskikte erkenning van toon en taalgebruik.<br><br>Geskikte reaksie op styl, toon en register. | Baie min erkenning van voor die handliggende manipulerende taal, partydigheid en, vooroordeel. Sukkel met interpretasie.<br><br>Beperkte erkenning van toon en taalgebruik.<br><br>Beperkte reaksie op styl, toon en register. | Erken omtrent nie voor die handliggende manipulerende taal, partydigheid en vooroordeel nie, kan skaars teks interpreteer.<br><br>Kan skaars toon en taalgebruik erken.<br><br>Omtrent geen reaksie op styl, toon en register nie. |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Luister krities na mondelinge tekste | Verstaan die logiese opeenvolging van inligting deeglik.<br><br>Maak betekenisvolle afleidings ondersteun dit met grondige bewyse.<br><br>Besondere akkurate reaksie op 'n verskeidenheid van vrae.<br><br>Besondere en goeie kritiese reaksie op taalgebruik, woordkeuse en formaat. | Verstaan die logiese opeenvolging van inligting baie goed.<br><br>Maak baie goeie afleidings, ondersteun dit grootliks met bewyse.<br><br>Akkurate reaksie op 'n verskeidenheid van vrae.<br><br>Baie goeie kritiese en akkurate reaksie op taalgebruik, woordkeuse en formaat. | Verstaan die logiese opeenvolging van inligting goed.<br><br>Maak goeie afleidings, ondersteundit grootliks met bewyse.<br><br>Meestal akkurate reaksie op 'n verskeidenheid van vrae,<br><br>Goeie kritiese en akkurate reaksie op taalgebruik, woordkeuse en formaat. | Verstaan van logiese opeenvolging van inligting is redelik, kan dit nie maklik verduidelik nie.<br><br>Maak afleidings en ondersteun dit soms met bewyse.<br><br>Redelike akkurate reaksie op 'n verskeidenheid van vrae.<br><br>Redelike goeie kritiese en akkurate reaksie op taalgebruik, woordkeuse en formaat. | Verstaan van logiese opeenvolging van inligting is geskik, maar kan nie alles verduidelik nie.<br><br>Maak afleidings , maar kan dit nie ondersteun met die nodige bewyse nie.<br><br>Geskikte reaksie op verskillende vrae.<br><br>Geskikte en akkurate reaksie op taalgebruik, woordkeuse en formaat. | Verstaan van logiese opeenvolging van inligting is beperk, maar kan dit glad nie verduidelik nie.<br><br>Afleidings nie oortuigend nie, geen ondersteunende bewyse.<br><br>Reageer skaars op verskillende vrae.<br><br>Beperkte en vae reaksie op taalgebruik, woordkeuse en formaat, verstaan nie genoeg om te evalueer nie. | Kan skaars logiese opeenvolging van inligting in teks volg.<br><br>Kan skaars - afleidings maak.<br><br>Reageer omtrent nie op vrae nie.<br><br>Omtrent geen reaksie op taalgebruik, woordkeuse en formaat nie. Geen bewyse van kritiese luistervaardighede nie. |
| Luister vir sosiale doeleindes/ luister vir genot en begrip | Reageer akkuraat en kommunikeer met begrip op 'n verskeidenheid kommunikatiewe situasies.<br><br>Gebruik gepaste beurtnemingskonven-sies betekenisvol en effektief in gesprekke.<br><br>Vra funksionele en betekenisvolle vrae om 'n vloeiende gesprek vol te hou.<br><br>Reageer effektief d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.<br><br>Toon 'n deeglike begrip van taal- en kultuurverskille en toon ten alle tye respek daarvoor. | Reageer en kommunikeer baie goed op 'n verskeidenheid kommunikatiewe situasies.<br><br>Gebruik gepaste beurtnemingskonven-sies effektief in gesprekke.<br><br>Vra funksionele vrae om 'n vloeiende gesprek vol te hou.<br><br>Reageer baie goed d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.<br><br>Toon 'n goeie begrip van taal- en kultuurverskille en toon respek daarvoor. | Reageer en kommunikeer goed op 'n verskeidenheid kommunikatiewe situasies.<br><br>Gebruik gepaste beurtnemingskonvensies goed in gesprekke.<br><br>Vra meestal funksionele vrae om 'n vloeiende gesprek vol te hou.<br><br>Reageer goed d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.<br><br>Toon taamlike begrip van die verhouding tussen taal en kultuur en toon respek daarvoor. | Reageer redelik akkuraat op verskillende kommunikatiewe situasies.<br><br>Gebruik gepaste beurtnemings-konvensies soms redelik effektief in gesprekke.<br><br>Vra soms funksionele vrae om 'n vloeiende gesprek vol te hou.<br><br>Bevredigende reaksie d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.<br><br>Bewyse van redelike begrip van die verhouding tussen taal en kultuur en toon soms respek daarvoor. | Reageer geskik op verskillende kommunikatiewe situasies, maar het probleme om op die onverwagte reaksie te reageer.<br><br>Gebruik beurtnemings-konvensies soms gepas in gesprekke.<br><br>Vra vrae, maar neem nie met begrip deel aan gesprekke nie.<br><br>Reageer soms effektief d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal.<br><br>Bewyse van geskikte begrip van die verhouding tussen taal en kultuur en toon soms respek daarvoor. | Reageer selde op verskillende kommunikatiewe situasies. Beperkte deelname.<br><br>Beperkte gebruik van beurtnemingskonvensies in gesprekke.<br><br>Vra min vrae en kan nie 'n gesprek volhou nie.<br><br>Beperkte reaksie d.m.v. taal, gebare en oogkontak. Nie toepaslike en geskikte lyftaal nie.<br><br>Toon ontoereikende begrip van die sensitiewe verhouding tussen taal en kultuur en volgehoue afwesigheid van respek daarvoor. | Reageer omtrent nooit op verskillende kommunikatiewe situasies nie. Geen deelname.<br><br>Gebruik omtrent nooit beurtnemingskonvensies in gesprekke nie.<br><br>Vra nie vrae nie en neem nie deel aan gesprek nie.<br><br>Reaksie d.m.v. taal, gebare, oogkontak en lyftaal nie gepas nie en ontbreek soms.<br><br>Toon geen begrip van die verhouding tussen taal en kultuur nie. |